Riverspray-projek spog met rekordverkope

VANDERBIJLPARK. – Die Riverspray Lifestyle Estate in Hendrik van Eck-boulevard spog met rekordverkope van meer as R43 miljoen vanaf Oktober 2010.

Die rede vir die toename in verkope kan toegeskryf word aan nougesette en 'n gefokusde taakgroep.

"Ons het sowat twee jaar gelede op 'n slegte tyd die mark betree maar die ekonomie is besig om te verbeter," sê mnr. Nic Morgan, mede-ontwikkelaar in die groep.

Pluspunte

Die ontwikkeling bestaan uit onder meer 'n klubhuis (tans in aanbou), berging vir sowat 100 bote, tennisbane, 'n gholfbaan gevestig in 'n vleiland met damme, 'n rugbyveld en 'n wandelpad.

Die behuising bestaan uit woonstelle en huise gebou volgens 'n kenmerkende Mediterreense boustyl.

Voornemende bouers het 'n keuse uit ses bouplanne om hulle huise self te bou, die style komplementeer die bestaande tema.

'n Pluspunt is die 24-uur sekuriteitstelsel wat streng toegangsbeheer toepas.

Skakel Willem Brooks by D.G. Ladegaard by 083 307 9689 vir meer besonderhede oor die ontwikkeling en verkope van huise en erwe in dié gesogte woonbuurt.

Die Riverspray Lifestyle Estate is tans 'n gesogte belegging vir huiskopers en die ontwikkelaars bevestig 'n bloeitydperk in verkope. Mnr. Nic Morgan, mede-ontwikkelaar, skryf die oplewing toe aan 'n positiewe ekonomiese klimaat en nougesette klantediens. Foto: Sarie van den Berg.

New directors at Mills and Groenewald

Mills and Groenewald Attorneys in Vereeniging recently welcomed three newly appointed directors, namely Jaco van Heerden, Andries Grové and Freddie Modiba. According to Mills and Groenewald their practice aims to continue the quality of service that has distinguished it since 1948. They recently received a Silver Arrow Certificate at the PMR Sedibeng Leaders and Achievers Awards. This Award was in the category for legal firms doing most in their sectors over the past twelve months to stimulate economic growth. Mills and Groenewald Attorneys team-members include (front from left) Jaco Van Heerden, Barry Mills, André van Zyl and Freddie Modiba. Back: Roelie Groenewald, Andries Grové, Loutjie Lombard, Hardy Mills (consultant) and Ben Botes.

Petrolprys speel nou groot rol in eiendomsmark

Die petrolprys het die afgelope vyf jaar meer as verdubbel tot die huidige vlak van net minder as R9/liter en vervoerkoste het gevolglik 'n al groter hap uit baie huishoudelike begrotings geneem.

Dit is dus nie verbasend nie, sê Aida se uitvoerende hoof Young Carr, dat dit 'n groter rol speel wanneer verbruikers huis koop en dat dit eiendomstendense sterk kan beïnvloed.

"As eiendomsagente hoor ons gewoonlik vrae oor die gehalte van plaaslike skole, winkelsentrums en ander geriewe.

"Nou wil kopers toenemend weet hoe naby sulke geriewe is en hoe lank dit sal neem om na die naaste kantoor- of nywerheidsnodes te pendel en of daar openbare vervoergeriewe beskikbaar is."

Dit is hoofsaaklik te wyte aan onbestendige internasionale oliepryse - wat vandeesweek skerp gestyg het weens die politieke onrus in Egipte – en die relatiewe vertoning van die rand teenoor die dollar, sê Carr.

"Wanneer die rand relatief swak is, betaal Suid-Afrikaners meer vir petrol, diesel en paraffien, sowel as vir goedere wat per pad vervoer word - en natuurlik vir bus- en taxivervoer.

"Daarby styg inflasie en dit kan daartoe lei dat die Reserwebank rentekoerse verhoog, wat weer verbandterugbetalings kan opstoot.

"En in eiendomsterme bring dit mee dat verbruikers wat besef hoe dié faktore hulle gaan raak nou hul huiskoopbesluite daarby aanpas."

Kopers probeer byvoorbeeld regstreekse vervoerkoste beperk deur huise so naby moontlik aan alle geriewe wat hulle dikwels benut, soos sport- en ontspanningsgeriewe, winkels, skole en tersiêre instellings, te koop.

"En mense wat na hulle werk moet ry, verkies roetes wat nie swaar verkeer dra nie, sê hy.

"Ons merk ook 'n styging in vraag na ouer huise in gevestigde gebiede sowel as sterk vraag na nuwer huise in gebiede waar daar goeie vervoerinfrastruktuur en ander geriewe bestaan, maar kleiner vraag na huise in splinternuwe woongebiede waar daar nog geen skole of winkels is nie, of waar die padnetwerk onvoldoende is en daar min of geen openbare vervoer beskikbaar is nie."

Nog 'n reaksie op stygende vervoerkoste en die nagevolge daarvan, sê Carr, is dat kopers huise koop wat net ruim genoeg is.

"Ons merk dat kopers nou meer doelgerig is en na huise soek wat genoeg ruimte vir hul gesinne bied maar nie so groot is dat 'onbenutte' ruimte net hul verbandterugbetalings – en risiko indien rentekoerse styg – gaan verhoog nie.

"In die toekoms gaan dit waarskynlik huisontwerp beïnvloed maar een interessante aspek wat reeds sigbaar is, is dat tuiskantore toenemend as onontbeerlik beskou word. Kopers beoog tuisondernemings om die gesin se vervoerkoste te snoei terwyl beroepslui wat nie elke dag in verkeer wil vassit nie reël om meesal van die huis af te werk."